# Handves Vir Die Beskerming En Bevordering Van Die Christelike Lewensperspektief In Landbou

## Volle Weergawe

Opgestel deur A.W.G. Raath vir TLU SA

(Eerste uitgawe: 17 Januarie 2024)

(Alle regte voorbehou en geen deel hiervan mag gereproduseer of elektronies gestoor word sonder toestemming van TLU SA nie)

*Aangesien* sekulêre lewensoortuigings toenemend in die handelswêreld, nywerheidswese en landboupraktyk internasionaal veld wen;

*Aangesien* Christelike lewensoortuigings toenemend in die internasionale gemeenskap gemarginaliseer word;

*Aangesien* antichristelike lewens- en wêreldbeskouings deur staats- en nie-staatsinstellings bevorder word;

*Aangesien* die Suid-Afrikaanse regering inkrementeel die Christelike lewensoortuiging uit onderwys, opvoeding en opleiding weer en selfs openlik vyandig daar teenoor staan;

*Aangesien* opvoedkundige en onderwysinstellings toenemend die Christelike lewensoortuiging verwerp en bestry;

*Aangesien* staatlike inmenging in onderwys en opvoeding toeneem, opvoedingsinstellings koloniseer en vir nie-Christelike politieke doeleindes gebruik;

*Aangesien* staatskaping van onderwys en opvoeding, uitweer van Christelike lewenswaardes aktief bevorder en Christelike begronding met sekulêre sosialisme vervang;

*Aangesien* die reg op 'n eie lewensoortuiging universeel erken word;

*Aangesien* die uitoefening van die reg op 'n eie lewensoortuiging innig met die diepste gewetensoortuiging van mense vervleg is en uit die diepste hartsoortuigings van die mens opkom;

*Aangesien* gewetensvryheid een van die mees gerespekteerde vryheidsregte in die wêreld is;

***Aangesien*** **die beoefening van 'n beroep in die lig van die mens se diepste gewetensoortuiging 'n fundamentele vryheidsreg is wat internasionaal erken en beskerm word;**

***Aangesien*** **die beoefening van landbou en verbouing van vesel volgens die gewetensoortuiging van elke landbouer geskied;**

***Aangesien*** **die stukragte wat landbouers motiveer, dryf en inspireer, tot 'n groot mate uit innerlike gewetensoortuiging en geloofsinspirasie opkom;**

***Aangesien*** **sekulêre sosialistiese landboubeleid, -praktyk, -resultate en –produksie politieke beleidsrigtings meebring wat landbouers en produsente onderdruk, hul vryheid ontneem en ekonomiese verval, hongersnood en armoede tot gevolg het;**

***Aangesien*** **landbouers en produsente in Suid-Afrika spesifiek uitgelewer is aan 'n magsugtige owerheid wat sekulêre staatsbeheer van die ekonomie bevorder, Christelike burgervryhede ontneem en antichristelike kolonisering van privaatinisiatief deur inkrementele nasionalisering van die burgerlike samelewing pleeg;**

***Aangesien*** **die vrye beoefening van die Christelike lewensoortuiging in ons land en die neerslag daarvan op die terrein van landbou en landbouproduksie toenemend deur die huidige staatsowerheid verhoed word;**

***Aangesien*** **die vrye roepingsvervulling van Christene in alle sfere van die landbou aktief deur die staatsowerheid en sy ondersteunerskorps beperk en selfs aktief verhoed word;**

***Aangesien*** **die huidige ANC-Kommunistiese alliansie deur antichristelike landbou- en grondhervormingsbeleid die eens bloeiende ekonomie van ons land geplunder, deur staatskaping verteer en tot nadeel van die hele bevolking vir selfbevoordeling gebruik;**

**_Aangesien_ verstarde en uitgediende sosialistiese en kommunistiese eksperimente in die ekonomie in die algemeen en die landbou-ekonomiese omgewing in besonder deur staatlike magsideoloë geïmplementeer word ten spyte van die trajek van onderdrukking en 'n ekonomiese profiel van mislukking;**

**_Aangesien_ Christene grootliks van hul aktiewe deelname aan die Suid-Afrikaanse ekonomiese stelsel uitgeweer word;**

**_Aangesien_ landbou-opleiding en onderwys deur staatskaping en sosialistiese sekularisme die kweek van persoonlike verantwoordelikheid, dissipline en toewyding deur die Christelike lewensetos verhoed;**

**_Aangesien_ sowel aktiewe landbou as landboutegniese beroepe op grond van die Christelike lewensetos van staatsweë met sekulêre humanistiese waardes vervang word;**

**_Aangesien_ die Christelike beskawingsinslag van sukses, vooruitgang en ontwikkeling met mislukking, konflik en verstarring van sosialisties gedrewe politiekery en populistiese magskrete vervang word;**

**_Aangesien_ die sosialistiese beheptheid en magswellus van 'n uitgediende kommunistiese regering die Suid-Afrikaanse samelewing op sy knieë dwing.**

**_Aangesien_ swak produksie en landbou-wanprestasie in Afrika die direkte gevolg van oorgeërfde sosialistiese en kommunistiese stelsels in Europa is, word die sosialistiese kultuur wat daarvoor verantwoordelik is, as katalisator van grootskaalse armoede en werkloosheid in Afrika uitgewys – tendense wat met die sogenaamde bevryding in naam van sosialistiese spreuke soos "van elkeen volgens sy vermoë en aan elkeen volgens sy behoefte" voorafgaande aan die Tweede Wêreldoorlog in Afrika koloniale stelsels beslag gekry het:**

**Daarom, dus, verklaar die ondergetekendes:**

**In hierdie Handves Vir Die Beskerming En Bevordering Die Van Christelike Lewensperspektief In Landbou, word die universeel erkende standaarde en kriteria vir beslaggewing aan die Christelike lewensetos in landbou saamgevat, die toepassing daarvan in die landboupraktyk bepleit en die verwesenliking van Christelike rentmeesterskap in landbou in die praktyk nagestreef omdat die mens met eer en aansien gekroon is en in alles aan God onderworpe is; elke mens is deur God in 'n posisie geplaas dat hy/sy deel het aan die sentrale regeerposisie in die skepping.**

**By onderskrywing van hierdie handves die ondertekenaars sal streef om deur onderrig en opvoeding, uitoefening van die reg op vrye beoefening van Christenskap, deur onderrig, opvoeding en opleiding, uitoefening van die reg op spraakvryheid en vryheid van Publikasie en vryheid van vergadering, respek vir die reg op Christelike landboupraktyke en ander Christelike burgervryhede wat daaruit spruit, te bevorder, om deur internasionale bewustheid en betrokkenheid van kerklike en ander burgerlike instellings die bevordering van 'n breë Christelike landboukultuur te vestig en sodanige kultuur te propageer en te bevorder.**

**Skriftuurlike begronding van die reg op uitlewing en bevordering van die Christelike lewensoortuiging in landbou op alle terreine**

**Artikel 1 [Hiermee word bevestig dat God Drie-enig, Vader, Seun en Heilige Gees, die oorsprong van alle lewe is en dat landbou afhanklik is van God wat lewe gee]**

**Die Christelike lewensperspektief in landbou doen 'n dringende appèl op die hele landbousektor om hul te weerhou van alle vorme van aanbidding wat God nie in die sentrum stel nie, en verwerp humanistiese religieë soos die panteïstiese holisme wat beweer dat eenheid moreel beter is en logiese verskeidenheid in die werklikheid voorafgaan, individuele verantwoordelikheid ontken en daarmee ook die persoonlike verantwoordelikheid van die vrye markstelsel ondermyn.**

**Artikel 2 [Hiermee word bevestig dat die hele Bybel deur God geïnspireer, sonder gebreke en die finale toets vir alle waarheid op alle terreine van die landbou is]**

**Die wetenskapskultuur wat op natuurwetenskaplike terrein in die algemeen en landbou spesifiek onder vaandel van die sekulêre lewensbeskouing onluik ingevolge waarvan geen waarheid vir die mens bestaan anders as dit wat hy/sy met sy/haar eie verstand of ondervinding kan aflei nie, lynreg teenoor die Bybelgefundeerde visie vir Christelike landbou-beoefening staan.**

**Artikel 3 [Hiermee word bevestig dat God volgens Sy ewige plan die heelal en die mens uit niks geskep het en dat in Sy voorsieningheid God ook in landbou lewe skenk en die vrug daarvan die landbouer laat toekom]**

**Die geloof in evolusionisme en materialisme het daartoe bygedra dat die Christelik-normatiewe visie in landbou verduister is, laasgenoemde tot blote materiële oorwegings en aktiwiteite herlei en die geloofsbedding wat alle produksie van voedsel en vesel behoort te onderlê, aan nie-Christelike kolonialisme oorgelewer is.**

**Artikel 4 [Hiermee word bevestig dat God die bron van alle gesag is en dat geen aspek van die landbou aan die gesag van God kan ontkom nie]**

**Kollektivisme en klassieke liberalisme wat oordeel dat die individu of "die mense" (*the people*) die finale bron van gesag is, het die Suid-Afrikaanse politieke en burgerlike lewe ontwrig, die land in 'n permanente staat van oproer gedompel en die volhoubare produksie van voedsel en vesel erg geknel, sodat, tensy die wurggreep van hierdie ideologieë verbreek word, landbou 'n permanente knou toegedien kan word.**

**Artikel 5 [Hiermee word bevestig dat lewe waardevol en 'n geskenk van God is, dat die mens na die beeld van God geskape is en dat hoewel ander vorme van lewe nie oor die beeldskap van God beskik nie, alle lewe ook met agting behandel en eerbiedig behoort te word]**

**Anders as die sogenaamde "groenbeweging" wat God Drie-enig in die natuur en lewelose materie van die skepping plaas, bejeën die Christelike landbouer God se skepping in die algemeen en alle vorme van lewe met agting omdat dit God se skeppingswerk is.**

**Artikel 6 [Hiermee word bevestig dat die gesin die basiese bousteen van die samelewing is en dat gesinslandbou-ondernemings aangemoedig word]**

**Die Christelike lewensvisie wys spesifiek op die gevare van verabsolutering van die staat, alle vorme van humanisme wat die staat verhef tot die universele gesin van die mens en feminisme wat die onderskeidelike roepings van man en vrou ontken.**

**Artikel 7 [Hiermee word bevestig dat die landbouer voorspoed beleef deur skeppende, produktiewe arbeid en privaat eiendomsreg]**

**Enersyds ontneem sosialisme die mens se reg op privaat eiendom en skeppende werk, andersyds propageer anargistiese vorme van liberalisme dat alle ekonomiese aktiwiteite en landbou spesifiek moet geskied in 'n wêreld sonder burgerlike regering.**

**Artikel 8 [Hiermee word bevestig dat vryheid in landbou spruit uit gehoorsame verantwoordelikheid aan God op alle terreine van die landbou]**

**Artikel 9 [Hiermee word bevestig dat God heers oor die geskiedenis en in alles voorsien soos ons ook in Suid-Afrika se geskiedenis van landbou kan getuig]**

**Artikel 10 [Hiermee word bevestig dat die mens na die beeld van God geskape is, maar in sonde geval het en dat alle vertakkinge van die landbou blyke gee van die mens se sondeverdorwenheid]**

**Artikel 11 [Hiermee word bevestig dat die mens deur genade verlos word omdat hy in Jesus Christus glo en dat alle vertakking en aspekte van landbou in beginsel deel het aan God se herskeppingswerk]**

**Artikel 12 [Hiermee word bevestig dat die samelewing bestaan uit mense en groepe wat God gemaak en saamgevoeg het en dat die kultuur en groepstyl van elke groepsentiteit ook bepalend is vir die wyse, styl en inslag waarmee landbou beoefen word]**

**Artikel 13 [Hiermee word bevestig dat die Kerk die Liggaam van Christus is waaraan die ware Christene deel het en dat in die Suid-Afrikaanse geskiedenis die hegte bande tussen kerk en landbou, sowel die geesteskrag van landbouers gevoed en versterk het, terwyl die Kerk ook die betrokkenheid van landbouers in stand gehou en die verkondiging van die Evangelie ondersteun en bevorder het]**

**Artikel 14 [Hiermee word bevestig dat God vir die menslike samelewing gesagsvorme daargestel het en dat veral dié van die gesin, kerk en staat vir landbou en landbouers van deurslaggewende belang was by die produksie van voedsel en vesel vir die Suid-Afrikaanse samelewing]**

**Artikel 15 [Hiermee word bevestig dat Christenouers die primêre verantwoordelikheid het om in die landbougemeenskap Christelike onderwys, opvoeding en opleiding te voorsien om die uitdagings van die tyd wat op die terrein van landbou voorkom, effektief te oorkom en alle terreine van landbou deur tegnologiese ontwikkeling te vernuwe]**

**Artikel 16 [Hiermee word bevestig dat Christen-landbouers hul lewe moet inrig volgens die beginsels van God se Woord en lewende getuienis te gee van God se voorsienigheid, almag en versorging op die terrein van landbou]**

**Artikel 17 [Hiermee word bevestig dat Christen-landbouers die verantwoordelikheid en reg het om lewe, gesin, eiendom en vrede te beskerm en te bewaar om sodoende nie alleen hul naasbestaandes en geliefdes te beskerm nie, maar die hele landbougemeenskap in staat te stel om winsgewend, volhoubaar en in veiligheid te boer]**

**Artikel 18 [Hiermee word bevestig dat Christen-landbouers die plig het om die armes en hulpeloses te help versorg, om hul lyding te versag en om deur burgerlike howe reg en geregtigheid in alle fasette van landbou toe te pas en te bevorder]**

**Artikel 19 [Hiermee word bevestig dat Christen-landbouers die reg en verantwoordelikheid het om hulself en die skepping volgens die Woord van God te versorg, te bewaar en in stand te hou ten einde volhoubaar te kan boer]**

**Artikel 20 [Hiermee word bevestig dat Christen-landbouers die reg en verantwoordelikheid het om kerk en wêreld in liefde met Bybelse waarhede te konfronteer en dit tot heil en welwese van die hele samelewing uit te leef]**

**Die implikasies van die bevestiging van die Christelike lewenskoers op alle terreine van landbou**

**Artikel 21 [Die reg op uitlewing en bevordering van die Christelike lewensoortuiging is 'n Bybelse beginsel]**

**Die aarde behoort aan God Drie-enig en die volheid daarvan – selfs die vee op duisend heuwels, elke voël in die natuur en elke graanoes (kyk Psalm 5: 10) en eweneens die seën op die landbouer se harde werk, dryfkrag en tegnologiese innovering; die hoogste gesag oor die skepping en die landbou berus by God en die mens beklee 'n regeerposisie in die skepping en om met verantwoordelikheid in sy/haar omgewing oor God se skepping te heers.**

**Artikel 22 [Die mens staan in 'n regeerposisie in God se skepping en heers oor wat God aan hom/haar toevertrou]**

**Die mens is met eer en heerlikheid gekroon, is alleen aan God onderworpe en aan Hom verantwoordelik; God ken aan die mens verantwoordelikhede toe en delegeer regte aan individue wat in medewerking met God, die skepping moet ontsluit,**

**ontwikkel en bewaar; aan burgerlike owerhede delegeer God regte om die mens in sy natuurbeheersing en kultuurskepping by te staan en tot eer van God te regeer.**

**Artikel 23 [Menslike assosiasies beskik oor beperkte gesag sodat byvoorbeeld kerke, korporasies, klubs, welsynsassosiasies en opvoedkundige instellings slegs oor die gesag beskik wat God aan hulle toevertrou het]**

**Hoewel die staat byvoorbeeld in 'n regskode of handves die reg van mense erken om God te aanbid, te vergader en in vryheid hul geloof te beoefen, is die staat nie die bron van sodanige regte en vryhede nie, maar gee slegs erkenning daaraan en is veronderstel om dit deur regskodes en ander statutêre maatreëls te beskerm. Voorts erken die Skriftuurlike wetsorde die legitimiteit en beperkte soewereine gesag in velerlei vorme van organisasies, maar aan geeneen kom absolute soewereiniteit oor alle lewenssfere toe nie of selfs nie in 'n spesifieke een nie omdat God se totale beheer oor sy skepping die teenkant van God se absolute eienaarskap van sy skepping is.**

**Artikel 24 [Elke mens is deur God so geplaas dat hy/sy deel aan die sentrale regeerposisie in die skepping]**

**Alle mense is geroepe om in die uitoefening van hul gesag oor die skepping, God se naam op aarde verheerlik, staan onder die opdrag om onder gesag van God die skepping te regeer en by heersing oor die skepping, aansien en eer te vind in die genade van God. God se Woord is rigtinggewend vir uitoefening van die afgeleide eienaarskap waaroor grondeienaars beskik; Bybelse beginsels bied die raamwerk vir verantwoordelike ondergeskikte eienaarskap en rentmeesterskap van landbouers en verheerliking van God geskied ook deur benutting van die eiendom waaroor grondeienaars beskik, welke reg nie deur die staat vergun word nie, maar 'n goddelike beginsel is.**

**Artikel 25 [Agter die mens se gehoorsame uitoefening van die roeping van God, staan God se voorsienigheid en alwyse bestier]**

**Die Bybelse reg op eienaarskap kan nie eensydiglik herroep word deur staatsowerhede, burokratiese magshebbers of sosialistiese ideoloë sonder om die oordeel van God op hul te haal nie.**

**Artikel 26 [Mens en natuur is nie veronderstel om in spanning teenoor mekaar te staan nie]**

**Die skeppingsharmonie wat God tot stand gebring het vereis dat die harmonie en samehangende geheel met die komplekse skeppingsverskeidenheid daarvan deur die mens tot ontplooiing gebring word in ooreenstemming met God se roeping en kultuuropdrag.**

**Artikel 27 [In alle roepingsvervulling moet die mens die natuur so bewaar en verbou dat sy aktiwiteite op aarde versierend, balanserend en in harmonie met die natuurlike omgewing geskied]**

**Alles wat die mens vanuit sy beheersingsposisie aanraak, dra die stempel van kultuurvorming hetsy tot eer of tot oneer van God.**

**Artikel 28 [Die seën op effektiwiteit, harde werk, dryfkrag en tegnologiese innovering kom van God]**

**Die mens is geskape na die beeld van God, ontvang die opdrag om die aarde te bewoon en dit te bewerk en uit hoofde daarvan oor eiendom te beskik onderhewig aan God se soewereiniteit oor die hele skepping. Menslike beheersingsvermoë is 'n vorm van toerekenbare soewereiniteit uit hoofde waarvan elke individu geoordeel sal word volgens hul hul uitoefening van die beheersingsmandaat in God se skepping.**

**Artikel 29 [Staatlike magswellus probeer om die hoogste gesag oor alle fasette van die mens se bestaan te vestig, nasionalisering van alle eiendom te bewerkstellig en ontneming van tasbare en ontasbare bates deur onteiening sonder vergoeding te pleeg]**

**Geen menslike instelling kan die soewereine gesag van God vervang of in die plek daarvan gestel word nie en die uitoefening van die permanente reg en plig van die mens om in landbou tot eer van God te werk, gee erkenning aan die omvattende en absolute soewereiniteit van God, die Bron van alle soewereine gesag en beheersing omdat alle menslike beheersingsvermoë 'n vorm van afgeleide en sekondêre soewereiniteit is wat deel vorm van die enkele fundamentele soewereiniteit van God oor sy skepping.**

**Artikel 30 [Staatlike burokratisering staan in stryd met die erkenning van God se soewereiniteit oor die hele skepping]**

**Koloniserende burokrasie soos dit in Derde Wêreldlande in Afrika beslag gekry het, berus op die veronderstelling dat politieke burokrate oor alle kennis en insig beskik om die mens se hele lewe en daarmee saam die hele skepping uit, deur en tot die mens se stoflike behoeftes te orden en te bestuur en staan tenoor die Christelike beginsel van gedesentraliseerde ordes, die persoonlike verantwoordelikstelling van alle mense en God se eise van publieke geregtigheid.**

**Artikel 31 [Selfs die vrye mark wat op persoonlike selfbelang tussen markkonkurente gerig is, vereis Bybelse morele beginsels vir die behoorlike funksionering daarvan]**

**By afwesigheid van Bybelse morele norme is die vrye markstelsel nie volhoubaar nie omdat laasgenoemde deur Christelike norme en beginsels gerig word, welke norme en beginsels in 'n ekonomiese stelsel beliggaam is wat 'n markekonomie veronderstel wat deur 'n stabiele regsinstitusionele raamwerk gerugsteun word, kontraktuele lojaliteit veronderstel, eerbaarheid hoog aanslaan, regverdige optrede vereis, professionele eer bevorder en wat 'n trots kultiveer wat bedrog, omkopery en misbruik van staatsgesag vir eie egoïstiese doeleindes verwerp en geloof in diepste waardes wat die sin en doel van die deelnemers aan die**

ekonomiese proses verleen en wat ’n voorlopige begrip vir die betekenis en werking van die ekonomiese proses veronderstel.

**Artikel 32 [Die vrye markekonomie is een van die fondamente van die sosiale orde wat op gedeelde etiese waardes berus]**

By afwesigheid van die Bybelse etiese kode waarop die vrye markprosesse berus, kan die vrye markstelsel nie voortbestaan nie, verval die vooruitgang van die betrokke ekonomiese kultuur en die geloof en vertroue in die legitimiteit van die vrye markproses vir sover markprosesse deur eeue oue Christelike uitgangspunte en waarhede gesanksioneer word.

**Artikel 33 [Die ekonomiese stelsel se sukses word bepaal deur die verdeling van arbeid, die wedersydse afhanklikheid van alle mense in die ekonomiese stelsel van die produktiwiteit van elke ander persoon]**

Die sosio-politieke integrasie van alle arbeiders in die ekonomiese stelsel bepaal die mate van suksesvolle ekonomiese integrasie wat geborgenheid in ’n atmosfeer van wedersydse vertroue, sekuriteit en voortgang van die vrye markomgewing bepaal – prosesse wat op onbetwisbare morele norme en bedryfsbeginsels berus.

**Artikel 34 [Politieke sentralisering vernietig vrye markekonomie]**

Die idee van die welsynstaat het geleidelik in Derde Wêreldlande die Bybelse konsep van die beperkte regstaat verdring. Die belangrikste regeringsvorm, verantwoordelike regering onder gesag van God, is in sosialistiese lande deur die idee van die messiaanse Staat vervang – ’n sentralistiese staatsorde wat kroniese konflik in die kern en belangeloosheid op die periferie van die staatstruktuur tot gevolg het.

**Artikel 35 [Die Bybelse staatsmodel]**

Bybelse begronding van die sosiale orde staan afwysend teenoor die sosialistiese welsynstaat vir sover eersgenoemde gekenmerk word deur talle institusionele

**strukture, elk met 'n eie legitieme, beperkte en afgeleide soewereiniteit onder God se normatiewe eise; waarvan elk oor 'n opwaartse bevelshiërargie van verantwoordelike regering beskik, en waarvan geen enkele instelling oor absolute en finale gesag beskik nie.**

**Artikel 36 [Die Christelike lewensperspektief ondersteun 'n konsepsie van sosiale orde wat ekonomiese ontwikkeling in die Westerse wêreld moontlik maak]**

**Die regsekerheid deur Christelike staatsordes gepropageer, was van die belangrikste verskansings teen magstaatliike ingrepe in die privaatsfere van die mense se bestaan, gewelddadige kommunistiese ontneming van eiendom, lewe en staatsinmenging in die sfere van die gesin en onderwys.**

**Artikel 37 [Christelike landbou-ekonomie tref 'n onderskeid tussen vrye markekonomiese dinamika en politieke kapitalisme]**

**Politieke kapitalisme bevorder die staat se politieke behoeftes in die vorm van oorloë, grootskaalse woekerpraktyke en kolonisasie; mark-kapitalisme is die middeklasgedrewe ekonomiese katalisator gebaseer op rasionele besluitneming in etiese en ekonomiese aangeleenthede, roepingsbewustheid, persoonlike verantwoordelikheid en produksie vir universele markte met afname in arbitrêre burokratiese besluite en gevolglike afname in produksiekoste omdat minder ekonomiese hulpbronne vir gunskopers en vir regskoste geoormerk word.**

**Artikel 38 [Die Christelike regstaat is gegrond op fundamentele Bybelse waardes]**

**Christelike regstaatlikheid word gekenmerk deur eerbiediging van kontraktuele ondernemings, respek vir privaat eiendomsreg, die nie-diskriminerende aard van die belastingstelsel en die bevordering van openbare vrede en voorkoming van bedrog en politieke dwang.**

**Artikel 39 [Geen ekonomiese terrein funksioneer eties en moreel neutraal nie]**

**Onderliggend tot elke ekonomiese stelsel figureer fundamentele waardes, oortuigings en idees wat rigtinggewend op die ekonomiese sfeer inwerk en die uitkomste daarvan bepaal; falende sosialistiese ekonomieë in Derde Wêreldlande staar hongersnood, dalende produksie en beskawingsverval in die gesig, met gevolglike samelewingskonflik en 'n toenemende magstaatlike politieke kultuur.**

**Artikel 40 [Christelike rekonstruksie van die ekonomiese en landbouterreine is die enigste weg om aan die mislukte staatsindroom te ontkom, volhoubaar voedsel en vesel te produseer en die groeiende bevolkingsgetalle van die nodige lewensmiddele te voorsien]**

**Vervanging van mislukte Marxistiese humanisme in elke lewenssfeer en elke terrein van die menslike bestaan deur rentmeesterskap in die plek van staatsdwang te plaas, Christelike lewenskoers met alle fasette van die landbou en boerdery-aktiwiteite te integreer.**

**Artikel 41 [Christelike norme moet gelyktydig alle boerdery-aktiwiteite in kulturele en ekonomiese sin lei en stempel]**

**Landbouers se lewens en hul boerdery-aktiwiteite is uit God, deur God en tot God in alle beplanning, beleid en praktyk op die plaas waar landbouers moet werk volgens die wette in God se skeppingsorde soos dit vir die landbouer ter sake is.**

**Artikel 42 [Christelike lewenspraktyk in landbou is veel meer as om nederig en erkentlik te wees en te bely dat die Here die landbouer ook seën of met teenslae en rampe beproef]**

**God se gesag in landbou geld vir alles wat die landbouer bedink en doen vanaf Maandag se opstaantyd tot Saterdag se uitspantyd en Sondae se aanbiddingstyd omdat die landbouer ook sy/haar roeping vervul op 'n terrein wat by verre die grootste deel van die aarde beslaan.**

**Artikel 43 [Landbouers se gesagsgebied waaroor hul beskik om die aarde te onderwerp en te beheers spreek van ’n besondere voorreg en verantwoordelikheid omdat ’n groot deel van God se skepping aan hul toevertrou is]**

**Landbouers is onmisbare primêre produsente van die land se bruto voedselvoorsiening en hoewel mynbou en fabriekswese belangrike ekonomiese verskaffers en verwerkers is, plaas hulle nie voedsel op die tafels van die miljoene monde in die samelewing nie.**

**Artikel 44 [Landbou is ’n beroep wat vanaf die Paradys dateer en na die sondeval staan onder God se opdrag om die aarde te onderwerp en daaroor te heers en in Jesus Christus se versoeningsterwe geheilig is[i]]**

**Landbouers werk ook tot eer van die Here; doen gewyde Christelike roepingswerk; werk in gehoorsaamheid aan Christelike boerderynorme tot eer of in ongehoorsaamheid tot oneer van God.**

**Artikel 45 [Landbou is ’n beroep wat in die loop van ons land se geskiedenis ’n wye kultuurbetekenis gekry het]**

**Landbouers is kultuurdraers op die grond wat aan hulle toevertrou is.**

**Artikel 46 [Boerdery is nie ’n neutrale aktiwiteit waarin ons probeer uitkap slegs om kop bo water te hou nie]**

**Landbouers doen Christelike roepingswerk, verrig dit in diens van die Here en doen gewyde kultuurwerk op die plaas binne die konteks van God se wyer koninkryk. Landbou en produktiewe boerdery staan in diens van God se koninkryk en is as sodanig geroepe om skool, kerk en verenigings finansieel en andersins te ondersteun.**

**Artikel 47 [Boerdery as totale lewensverband is ingebed en vervleg met alle kante van die lewe en die mens se bestaan]**

**Tot hierdie omvattende beroepswerk is kennis en insig nodig om hierdie pragtige beroep volgens Christelike norme tot eer van God te beoefen; as landbouer het die boer met alle lewensaspekte te make, maar as tipiese ekonomiese bedryf wat op wins ingestel is, durf dit nie verval tot materialistiese geldmakery nie.**

**Artikel 48 [Landbou in ’n onvolmaakte wêreld]**

**In oorgawe aanvaar die Christelike landbouer met ekonomiese vertroue dat alle ekonomiese faktore en natuurgebeure konstant sal bly en dat hy met vertroue elke nuwe seisoen kan aandurf op grond van God se skeppingsorde en God se voorsienigheid en dat elke droogte sal verander in die jubeling van Psalm 65.**

**Artikel 49 [Die landbouer kan deur God se genadewerk die destabiliserende faktore in die landbou-ekonomiese terrein trotseer en nie leef onder ’n depressie-psigose nie]**

**Die Christelike landbouer vermy oormoedige selfvertroue en die blinde geloof en waaghalsigheid in landbou-ondernemings en kultiveer geloofsvertroue wat behels dat sy volle lewe en bedryf staan onder die leiding van God se voorsienigheid,[ii] geestelike weerbaarheid na teenspoed en rampspoed en die Christenboer se ekonomiese vertrouensbasis op grond van sy boerderyvisie word oorkoepel en ontsluit deur sy Christelike geloofsverbintenis.**

**Artikel 50 [Christelike landboupraktyk geskied met sedelike trou en integriteit]**

**Morele liefde is ’n bindende geestelike sement en saambindende faktor omdat liefde vir die natuur en alles wat met fauna en flora verband hou wesenlike elemente van landbou is – sedelike liefdestrou van die Christenboer in landbou behels dat hy landbou-ondernemer getrou en eerlik volgens boerderybeginsels boer met verrekening van die natuurwette in die skepping en gerig deur die kultuurnorme wat die Skepper neergelê het. Landbou-integriteit behels ook dat dit sonde voor God is om die landbouer se kosbare landbougrond te laat wegspoel of oorbewei, die onkruid tot ’n natuurreservaat te laat gedy, soos wat dit sonde is om**

**die buurman kwaadwilliglik skade te berokken; Christenskap vereis verantwoordelikheid teenoor God om te ploeg, te plant, vee te teel en stappe teen gronderosie en bodemuitputting te tref.**

**Die mens se beheersing van sy natuurlike omgewing**

**Artikel 51 [Die mens het ’n invloed op die omgewing waarin hy/sy geplaas word]**

**Artikel 52 [Die mens is geroepe om die natuurlike omgewing te bewaar en tot eer van God te beheers]**

**By die mens se omgewings- of natuurbewaring gaan dit terselfdertyd om verbouing (soos die plant van graan), die gebruik van tegniese middele ter verbetering van die bodem aan die landbouer toevertrou (selfs draadspan) en bewaring van die grond teen agteruitgang en verval (soos uitroei van onkruid).**

**Artikel 53 [Verwaarlosing van die bodem aan die landbouer toevertrou is ’n vorm van roepingsversaking]**

**Alle besoedeling van die omgewing dui op onverantwoordelikheid voor God; dit is wanbestuur vanuit die sentrale regeerposisie waarin God alle mense in die skepping geplaas het.**

**Artikel 54 [Die mens se beheersing van die skepping geskied aan die hand van die geestelike dryfkragte wat vanuit die diepste wese van die mens invloed op die omgewing uitoefen]**

**In vele opsigte lyk die mens se natuurlike omgewing soos die geestelike lewe binne die mens. Die teenkant is ook waar: Die mens moet die natuurlike omgewing op sy beste laat lyk deur rookbesoedeling en ander vorme van omgewingsbesoedeling aktief teen te werk en ontsierende afval so te kanaliseer dat dit nie verpestend of ontsierend op die natuurlike omgewing inwerk nie; rommelstorting met mening teen te gaan en waardering vir netheid en ongerepte natuurskoon te kweek.**

**Artikel 55 [Die mens is geroepe om nie alleen uit die natuur te put nie, maar om ook in die natuur te investeer]**

**Keuse van bemesting, giftoediening en onkruidbeheer behoort sodanig te geskied dat volhoubaarheid in landbou daardeur nie in die gedrang kom nie; dat die uitroeiing van kwesbare fauna en flora teengewerk sal word en dat beskerming van die aarde se natuurlike hulpbronne noulettend sal geskied.**

**Geteken op hierdie 17de dag van Januarie 2024 te Pretoria**

**Opgestel deur A.W.G. Raath vir TLU SA**

**17 Januarie 2024**

[i] Kol. 1: 20; Psalm 8.
[ii] Pslam 104; Heidelbergse Kategismus 10.